

191. A. 1 (46)

PROF. DR. I. D. BOSMAN.

(Oorl. 16 Maart 1947)

Deur : Prof. H.B. Thom.

(Voorgedra op die Jaarvergadering van
die Akademie, Stellenbosch, 25 Julie 1947.)

Deur die heengaan van prof. I.D. Bosman aan sy woning in Pretoria op Sondag, 16 Maart 1947, het die Akademie 'n getroue en toegewyde lid verloor.

Terwyl ek hierdie mosie van roubeklag voorstel, gaan my gedagtes terug na my studentedae in Europa, agtien jaar gelede, toe ek in Amsterdam met Izak Bosman kennisgemaak het. Hy was toe reeds heelwat ouer as die meeste van ons ander studente, aangesien hy 'n hele aantal jare onderwys gegee het voordat hy vir verdere studie na die buiteland vertrek het, maar nietemin het hy sy studies met jeugdige geesdrif aangepak en hom by sowel die werk as die pret van sy medestudente baie hartlik aangesluit. Hy het ernstig en deeglik gewerk, maar hy was nooit die afgesonderde alleenloper nie.

Ofskoon ek in Europa nie saam met hom op dieselfde plek gestudeer het nie, het ek hom daar tog taamlik goed leer ken, en hierdie kennismaking kon ons na ons terugkeer in Suid-Afrika deur verskeie geleenthede tot samewerking verder uitbrei en verstewig. Terwyl die Akademie nou aan sy nagedagtenis hulde bring, dink ek aan hom veral as Afrikaner, as mens, en as vakman.

In die Vrystaatse boerehuis, waarin hy gebore is en opgegroei het, is die fondament van sy Afrikanerskap gelê. Liefde en belangstelling vir wat sy eie was, het van die begin af om en in hom geleef. Dat hy hom alreeds baie vroeg tot sy nasionale verlede aangetrokke gevoel het, en later besluit het om 'n ernstige studie daarvan te maak, hoef 'n mens seker nie te verwonder nie.

Vir die handhawing van Afrikaans het hy in sy huislike lewe, in sy klaskamer en in die openbare lewe steeds met toewyding geywer, en Afrikanerbewegings het in hom 'n hartlike ondersteuner gevind. Weliswaar was dit nie sy gewoonte om met ophef en vertoon op te tree nie, maar met sy kenmerkende bescheidenheid en kalmte het hy in die stilte 'n positiewe bydrae tot die Afrikanersaak gelewer, wat diegene wat in Pretoria intiem met hom saamgewerk het, na waarde sal weet te skat.

By 'n man van hierdie tipe was daar, soos 'n mens kan verwag, vir enghartigheid en chauvinisme nie plek nie. Vir die bevordering van kleinlike groeps- en streeksbelange was hy nie te vinde nie. Hy was grootmoedige Afrikaner wat die belange van sy volk in volheid en omvang gedien het, en wat bereid was om van andere te leer as die Volksaak daardeur gebaat kon word.

Ook as mens sal Izak Bosman nie maklik vergeet word nie. Sy optrede is ^{aan}daar vriendelikheid gekenmerk, nie 'n opsetlike of berekende vriendelikheid nie, maar 'n natuurlike innemendheid en welwillendheid wat hom eie was.

Daarby is hy in alles wat hy gedoen het deur blanke opregtheid gekenmerk. Iedereen met wie hy in aanraking gekom het, wis dat skyn en werklikheid by hom nie deur 'n wye kloof geskei was nie, maar dat hy was wat hy geskyn het en dat hy geskyn het wat hy was. Wie hom as vriend gehad het, het geweet dat hy 'n vriend was op wie daar ten alle tye gereken kon word.

In sy optrede teenoor sy medemens, veral teenoor die swakkere en minder gegoede, was hy begrypend en hulpvaardig. En waar hy gehelp het, het hy dit op onopvallende, ongedwonge wyse gedoen soos by sy hele natuur gepas het. Menige student wat hom in tye van ^{te}kwaking en beproewing om leiding genader het, sal hiervan kan getuig.

As opregte, betroubare mens is hy in sy ongewing allerweë hoog gerespekteer. Hy het die seldsame vermoë besit om die agting te behou selfs van diegene wat soms radikaal van hom

verskil het. In die lig van asulke kwaliteite is dit nie vreemd dat hy in kerklike en universitêre lewe tot posisies van groot verantwoordelikheid geroep is nie. Mense het ^{van} eenmaal gerus gevoel as hulle 'n taak in die hande van Izak Bosman gelaat het.

Maar ook as vakman sal sy nagedagtenis in ere gehou word. Hy het sy loopbaan as historikus begin met 'n dissertasie oor George McCall Theal as die geskiedskrywer van Suid-Afrika. Enkele jare na sy promosie in Amsterdam is hy tot professor van Geskiedenis in Pretoria benoem in welke hoedanigheid hy tot sy dood toe uitnemende werk verrig het. By sy studente het hy daardie liefde vir die Geskiedenis opgewek wat 'n uitstaande kenmerk van homself was, en onder sy simpatieke leiding het daar 'n hele aantal oorspronklike studies oor die vaderlandse - veral Transvaalse - geskiedenis ontstaan waardeur hy 'n gesonde tradisie aan sy universiteit gevestig het.

Met verloop van tyd het hy ook 'n hele aantal bydraes vir tydskrifte gelewer. Hierdeur het hy getoon dat hy goed op die hoogte van die nuutste ontwikkelings in sy vak gebly het, en, dat hy 'n besonder ruime wetenskaplike belangstelling gehad het.

Sy betekenis as wetenskaplike moet egter veral ook aan sy aandeel in verband met Historiese Studies ^{geweet} word. Hy was een van dryfkrygte agter die opsigting van hierdie historiese tydskrif, en hy het lank ook as hoofredakteur daarvan gedien. Hiermee het hy vir die geskiedkundige navorser 'n publikasie-middel help skep wat deeglike, ernstige werk sou opneem, - dié soort werk wat in populêre tydskrifte nie maklik 'n plek vind nie maar op die duur vir die vooruitgang van die historiese wetenskap in ons land van die allergrootste belang is.

Prof. Bosman het hom ook nog in verskeie ander opsigte, b.v. as onderwysman, as organiseerder en as kerkman, onderskei. Maar dit is tog veral om wat hy was as Afrikaner, as mens en as vakman dat die Akademie hom tot die klein getal van sy lede

geroep het, en dat ons hiermee ^{nu} 'n krans op sy graf lê. Terwyl
ons dit doen, dink ons egter ook met innige meegevoel aan hulle,
sy klein huislike kring, wat sy heengaan nog soveel dieper voel.
Ons kan hulle die versekering gee dat ons, net soos hulle,
'n leë plek in ons midde het en dat ons, net soos hulle, daar-
deur armer geword het. Maar ons — ook net soos
hulle — is dankbaar vir 'n mooi lewe
en 'n mooi beëindiging.
